

30 Julie

**Skrifgedeelte: Maleagi 2:10–3:5
Fokusgedeelte: Maleagi 2:17–3:5**

Waar is die God wat reg moet laat geskied?

Dit is die vraag van 'n verbitterde volk. Hulle het nou wel uit ballingskap teruggekeer, maar na al die jare kry hulle nog swaar. God laat nie reg geskied nie, is hulle aanklag. Dit gaan dan voorspoedig met die goddeloses. Dit is onregverdig as hulle as volk van God moet swaarkry.

Ons vra ook na God se regverdigheid: as wreedhede en onmenslikhede in oorloë onder ons aandag kom; wanneer mense wreed aangerand en beroof en vermoor word; wanneer gelowiges finansiëel geruïneer word of 'n dierbare 'n ongeneeslike siekte kry...

Die Here antwoord op hierdie aanklag deur te sê dat Hy as regter gaan kom. Hy sal regverdig oordeel. Niemand sal sy oordeel vryspring nie – ook nie hulle wat skynbaar so voorspoedig lewe nie. Maar ook diegene wat dink dat hulle reg lewe, kom onder die oordeel, want die Here se oordeel begin by die tempel. God se oordeel gaan suiwer soos die vuur van die smelters en skoonmaak soos die seep van die wassers.

Maar voordat die regter kom, gaan God sy boodskapper stuur. Johannes die Doper het die pad gereedgemaak vir die eerste koms van Jesus Christus. Jesus het ook die sake wat Maleagi noem, aangespreek. Deur sy kruisdood was en suiwer Hy ons van alle sondes.

Maar Christus kom weer. Hy kom gou as regter wat finaal gaan oordeel. Ons is nou die boodskappers wat die genadetyd moet verkondig en moet regmaak wat verkeerd is.

Sing: Psalm 68:3

Ds AL Pelsner (Meyerspark)